



# DIE BEHEER VAN SILWERWATTEL

deur P.L. CAMPBELL  
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

Biologiese beheermaatreëls, met die moontlike uitsondering van saadvretende insekte, kan nie teen silwerwattel (*Acacia dealbata*) toegepas word nie, weens die gevaar dat die biologiese beheeragente ook die naverwante en kommersieel belangrike swartwattel (*Acacia mearnsii*) kan aanval. Swartwattel word op groot skaal in Natal verbou, vir tannien en houtspaanders, terwyl silwerwattel minderwaardig is ten opsigte van albei hierdie produkte.

Alternatiewe meganiese beheermetodes soos ringelering, waar die bas tot op borshoogte heeltemal afgestroop word, en die uitroei van saailinge, is egter suksesvol.

Die volgende word deur die Bosboutak van die Departement van Omgewingsake aanbeveel:

Volwasse bome kan ook doodgemaak word deur 'n kombinasie van afkap en brand. Die afgekapte takke word rondom die boomstompe gepak en sodra dit droog genoeg is, aan die brand gestee, onderhewig aan brandregulasies. Die vuur stimuleer die ontkieming van die talle wattelsade in die grond sodat saailinge in digte matte opkom. Hierdie saailinge kan onderdruk word deur 'n

geskikte grasspesie soos *Eragrostis curvula* te saai onmiddellik nadat die as koud geword het. Dit sal die indringing van ander ongewenste spesies in die area verminder, waardevolle gras vir beweiding lewer en terselfdertyd gronderosie keer. Reën wat hierna val, sal die wattelsaad laat ontkiem, en die saailinge moet met die hand uitgeskoffel word. Opvolgkolbespuitings met 'n geskikte onkruidodder wat selektief vir breëblaaronkruid is, is nodig om die oorblywende saailinge dood te maak.

Tans word *A. dealbata* in Suid-Afrika hoofsaaklik deur chemiese beheer bestry. Die geregistreerde onkruidodders verskyn in Tabel 1. Alle beheermaatreëls moet opgevolg word deur die aanplant van geskikte spesies.

Die jongste aanbevelings vir chemiese beheer, verskyn in die Departement van Landbou en Watervoorsiening (Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming) se publikasie: "A guide to the use of herbicides", wat jaarliks hersien word. Dit kan bestel word van die Direktoraat Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria, 0001.

TABEL 1 - Die chemiese beheer van silwerwattel

Generiese naam en formulase (suwer aktiewe bestanddeel)	Handelsnaam en registrasie-nummer	Dosis	Etiket-aanbevelings* (behalwe vir diesel)**
pikloram 65 g/l + 2,4-D 240 g/l as die amiensoute	Tordon 101-mengsel (L 471)	500 ml/100 l water (0,5%-mengsel)  200 ml/9,8 l water (2%-mengsel)  1:1 met water 1 ml/inspuiting 1 inspuiting/40-mm-stamdeursnee  1:1 met water 1 ml/kapplek 1 kapplek/40-mm-stamdeursnee	<p><b>Algemeen:</b> Dien Tordon 101-mengsel slegs toe wanneer bome aktief groei. Moenie toedien as reën dreig of as die plante nat is nie.</p> <p><b>Algehele blaar- en stambespuiting:</b> Dien toe as 'n growwe, lae-druk- deurwekende bespuiting. Voeg G-49-benatter by teen 60 ml/100 l water.</p> <p><b>Gekapte stomp:</b> Saag bome 300 mm of minder bo die grondoppervlak af. Bespuit onmiddellik hierna met die mengsel totdat afloop plaasvind. Bespuit alle hergroei tot 'n hoogte van 1 m. Voeg G-49-benatter by teen 6 ml/10 l van die finale spuitoplossing.</p> <p><b>Boominspuiting:</b> Dien met 'n geskikte boomspuiter toe. Die inspuittings moet om die volle omtrek van die stam, op enige gerieflike hoogte gemaak word.</p> <p><b>Waarskuwing:</b> Spasieer die inspuittings ewe ver van mekaar en tot in die nat spinthout. Behandel elke stam afsonderlik.</p> <p><b>Onderbroke ringelering:</b> Maak horisontale, skuins kappe met 'n byl deur die bas tot in die spinthout, spaseer die kapplekke om die volle omtrek van die stam op 'n gerieflike hoogte. Behandel elke stam afsonderlik.</p>
triklopir 480 g/l esterformulasie	Carlton 4 (L 2353)	750 ml/100 l water (0,75%-mengsel)  200 ml/10 l diesel (2%-mengsel)	<p><b>Algemeen:</b> Dien Carlton 4 slegs toe wanneer bome aktief groei. Moenie toedien as reën dreig of as die plante nat is nie.</p> <p><b>Algehele blaar- en stambespuiting:</b> Dien toe aan bome met 'n hoogte van tot 1,5 m wat 'n volle drag blare het. Gebruik 'n spuitmengselvolume van 250-400 l/ha afhangend van plantgrootte. Voeg Actipron teen 500 ml/100 l water by.</p> <p><b>Gekapte stomp:</b> Dien toe op gekapte oppervlak, bas en die wortelkroon. Gebruik 'n verfkwas of 'n lae-drukbespuiting met 'n rugsakspuit.</p> <p><b>Onderstam:</b> Verf aan die bas met 'n verfkwas of dien toe as 'n growwe laedrukbespuiting met 'n rugsakspuit tot 'n hoogte van 750 mm bo die grondoppervlak en aan enige ontblote wortels. Growwe bas kan meer diesel benodig. In die geval van veevuldige stamme, behandel elke stam afsonderlik.</p>

\*Waarskuwing: Lees alle instruksies op die etiket voor onkruiddoertoediening. Indien twyfel bestaan, raadpleeg u plaaslike tegniese verteenwoordiger

\*\*Waarskuwing: Die toediening van diesel is nie 'n geregistreerde behandeling nie. Diesel moet dus slegs aanvanklik as 'n proefneming gebruik word

